## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

14 November 2013

Dagsê Almal

Ons kyk op en sê elke oggend tydens bybellees "Ons volg Hom". Daarmee begin ons die dag met die maak van die gebedskussings, skoonmaak en ander takies. Dan staan ons almal in verwondering en groot dankbaarheid wanneer nog 'n aflewering vir ons kos, klere en ander lewensmiddele bring. Die bewustheid van God se genade is tasbaar want soos julle reeds weet is ons 100% afhanklik van hierdie "aflewerings". Die Here sorg waarlik sonder ophou. Baie dankie weereens aan een en elkeen wat bydra tot die huis en die mense wat ons ondersteun.

My dae is gevul met 'n drukkie vir die kinders wat kom spog met 'n toekenning wat hulle by die skool gekry het en die mammas wat met trane in die oë vertel hoe trots hulle is. Grootste beloning wat ek ontvang is wanneer 'n mamma vertel hoe haar 8 jarige dogtertjie kerk toe gaan omdat sy self nie kon gaan nie a.g.v. 'n skeelhoofpyn. Mamma vertel hoe sussie na 'n naweek by haar pa waar gekruide taal algemeen is vir hom bid sodat dit moet ophou. Bid asseblief saam met my vir hierdie swaarkry mense waar God besig is om met elkeen op 'n baie besondere manier te werk.

Soms moet ek ook maar baie hard praat en dit is nooit vir my lekker nie maar soos ons ons kinders ook maar grootgemaak het, is hierdie kinders van my baie kosbaar en wil ek graag net die beste vir hulle hê. Ek word soms "ma" genoem en dit sê vir my baie want hulle weet dat my "raas" uit liefde gebore is.

Die feestyd lê voor en ons het ons groot ete 13 Desember 2013. Ds. Cobus het aangebied dat ons dit by die GK Daspoort se saal kan aanbied. Dit maak dit vir my baie maklik want met al die bouwerk wat om ons gebeur is dit ietwat deurmekaar en stowwerig maar dit skep 'n geleentheid waar julle met groot liefde kan kom help en dit vir die Eljada Huis gesinne 'n feestelike geleentheid maak. Ek is besig om al hulle wenslysies op te som en sal dit die week nog op die webwerf plaas.

Die huis maak eers weer op 20 Januarie 2014 oop en dit beteken die gesinne se voedselversorging – meestal nie bederfbaar want krag en bêregeriewe is skraps – word benodig vir 37 dae aaneen.

Skoolbehoeftes is ook weer nodig vir die Koningskinders asook ons kinders en die spaarblikkies is beskikbaar vir diegene wat daarmee kan help. Dit sal lekker wees as die kinders dalk hiermee betrokke kan raak en dit dan vir die 13de kan voorberei.

Gistermiddag net nadat die Koningskinders hul skryfbehoefte lysies vir my gegee het kom een van hulle na my toe en kyk met kinderogies na my en sê sy wil my net graag 'n drukkie gee. Met haar armpies om my nek fluister sy saggies "dankie vir alles wat tannie vir ons doen" en vandag wil ek graag vir julle elkeen so 'n drukkie gee om te sê "Dankie dat julle dit vir my moontlik maak" want sonder julle bydraes en die Here wat ons daartoe lei sou dit nie moontlik gewees het nie.

Eljada Huis groete

Annatjie

****************************************************

'n Kort lysie van dringende behoeftes en ***BAIE DANKIE*** vir die items wat ek ontvang het:

- ***Petro – R2400 vir haar tande***. – sy vra my elke dag wanneer kan ek haar neem vir die tande. Sy was ons vetkoek koningin tydens die markdag. HELP ASB
- Sien "wenslysies" op webwerf vir almal

*****************************************************

Ons KOSNOOD is en bly maar 'n konstante;

- AANMAAK KOELDRANK
- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, macaroni, spaghetti, koffie, tee, boksmelk, suiker, broodsmere soos mar garien, stroop, grondboontjie botter, bovril, kookolie, kitsontbytkos, eiers en koekmeel
- Toiletware – toiletpapier, badseep, skeer messe, sjampoe, aanrol en spuitgoed.

---

**Bankbesonderhede**

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**